

Saterdag 31 Desember

Skrifgedeelte: Efesiërs 1:15-23

Fokusgedeelte: Efesiërs 1:18

Die hoop van sy roeping

Wat beteken die hoop van God se roeping vir my? Dis eenvoudig: Die feit dat God jou geroep het, gee vir jou hoop – God se hoop, hoop gegrond op wat God belowe het.

Is dit nie wonderlik nie? Jesus Christus het jou geroep om in Hom te glo. Hy het jou geroep om Hom te volg, Hom te dien, Hom lief te hê en om in liefde met jou naaste te lewe, jou tot Hom te bekeer, om ’n burger in sy Koninkryk te wees, om in vrede met jou naaste en jou huweliksmaat te lewe, om vry te wees (van die sonde en die ewige verdoemenis), om heilig te lewe. Ja, Hy het jou geroep om die heerlikheid van die ewige lewe in te gaan (Rom. 8:30; 1 Tim. 6:12).

Kortom: As hier staan dat God jou geroep het, beteken dit Hy het jou uitverkies. Hy het jou naam (onuitwisbaar!) in sy onveranderlike testament opgeteken. Jy erf by Hom die ewige saligheid op grond van Jesus se dood en opstanding.

Vandag tik jy die laaste dag van 2016 op jou almanak af. Môre begin jy ’n nuwe maand, ’n nuwe jaar – sý dae gaan jy ook een vir een aftik. Elke keer as die son ondergaan, is jy nader aan die laaste dag van hierdie bedeling, nader aan jou ewige bestemming saam met Jesus Christus.

Gaan die nuwe jaar in met die vasstaande hoop: Die lewende God, my Vader in die hemel, het my geroep om in lewe en in sterwe aan Hom te behoort! Jy gaan beslis nie ’n donker 2017 in nie. O nee! “Die tyd van ons finale verlossing is nou nader as toe ons tot die geloof gekom het” (Rom. 13:11).

Sing: Skrifberyming 18-7:1, 12

Dr. AH (André) Grové (Emeritus)